# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 166 2 Augustus 2019





In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

### Skolekrisis: ons faal ons kinders

Die Gautengse LUR vir onderwys, Panyaza Lesufi, se agenda om skole te transformeer het menige Christenouer diep bekommerd. Sy transformasie-agenda wat daarop fokus om skole te "integreer" word maklik gesien as 'n aanval op ons reg tot moedertaalonderrig. Dit is egter 'n veel groter aanslag waarmee ons te doen het. Die staat wil ons kinders moreel "oplei" (indoktrineer) om goeie landsburgers te wees. As verbondsouers is dit egter ons plig om ons kinders volgens die Skrif groot te maak.

Die bedreiging deur ons onderwysstelsel kom van ver af. Om onderwys oor te neem en te gebruik om kinders se denke te vorm is ou nuus in Marxistiese ideologie. Soos Karl Marx dit in die Kommunistiese manifes stel: “Die opvoeding van alle kinders, van die tyd wat hulle sonder ’n moeder se sorg kan klaarkom, sal in staatsinstellings wees en deur die staat gefinansier word”. Die belangrikste wat ons kinders egter moet leer is nie wiskunde, wetenskap, redenasievaardighede, onderhandelings-vaardighede of aanpasbaarheid nie - maar die Evangelie. Die definisie van Bybelse sukses is nie 'n goeie beroep of welvarendheid nie, maar is gesentreer op gehoorsaamheid aan en verheerliking van God; dit sluit in om te mag swaarkry ter wille van Christus - met die oog op die ewige.

Onderwys kan nooit neutraal wees nie. Dit is inherent óf gebaseer op 'n Bybelse waardesisteem óf 'n onderliggende wêreldse waardesisteem. Tydens die Hervorming was die oorhoofse doel van opvoeding en die aanleer van geletterdheid om alle Christene in staat te stel om die Skrif self te kan lees - *Sola Scriptura* - die openbaring, opdragte en onderrig van God aan alle gelowiges! Vandag moet 'n Christelik-gesentreerde onderrig-benadering steeds geskoei wees op Christus se opdrag in Mattheus 28:20 "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*"

Die realiteit is egter dat ons skole ’n Marxisties-gedrewe, antichristelike kurrikulum volg. Een waarin die Bybel geen rol speel nie. Ons kinders word geleer dat die skeppingverhaal in die Bybel wetenskaplik onmoontlik is en dat

wetenskap “bewys het” dat alles deur ’n oerknal en makro-evolusie ontstaan het. Hulle word nie aan die feite blootgestel dat skepping deur makro-evolusie en die oerknal slegs teorieë en hipoteses is nie… dat die wetenskap nie die regte instrument is om alles te bewys nie. Op 'n subtiele (en soms minder subtiele) wyse word God se gesag as Skepper en die gesag van die Bybel as Sy Woord aangetas. Die Bybel se outoriteit oor godsdienstige sake word gelykgestel met geskrifte van ander gelowe soos dié van die Koran, Bhagavad Gita en ander. Die staatskurrikulum leer dat dit diskriminasie is (en dus onwettig) om te sê dat daar net een ware godsdiens is. In die 2017 hofuitspraak in die saak oor godsdiens in skole is daar in die uitspraak die "toegewing" gemaak dat godsdiens wel in skole beoefen mag word, maar met die vereiste dat een geloof of godsdiens nie primêr bo ander bevorder mag word nie en dat geen individu uitgesluit mag word weens hulle geloof nie. Alhoewel dit na ’n oorwinning op papier klink, is Bybelse beginsels hierdeur ondergeskik gestel aan regulasie deur die staat. Daar is aan ons die “reg” gegee om ons geloof te mag beoefen, maar onder die opsig en toesig van die staat. Hierdie beheer deur die staat word gelate aanvaar. Ouers delegeer die verantwoordelikheid van skoolonderrig na die staat se skoolsisteem. Selfs meer kommerwekkend is die feit dat die volle verantwoordelikheid vir godsdiens-opvoeding dikwels dan terselfdertyd ook aan die kerk oorgelaat word. In beide gevalle behoort die ouers egter die primêre verantwoordelikheid te neem.

Publieke onderrig vervang waarheid met relativisme. Daar is nie meer swart en wit waarhede nie - daar is slegs grys areas. Daar word geleer dat ons alle waarheid moet meet aan ons eie waarnemings en tydskennis. Terselfdertyd word geleer dat morele waardes gekoppel is aan die standaarde en konsensus-opinie van die samelewing. Dit lei tot die morele dilemmas van seksonderrig op skool waaraan kinders so jonk as 10 jaar blootgestel word. Die ouers se reg om self seksuele moraliteit uit 'n Bybelse perspektief aan hulle kinders te leer, word ontneem en die vermoë van ouers om self te oordeel wanneer, wat en hoe hulle kinders hieroor moet leer word in twyfel getrek. Dit wat as Godgegewe gawe as deel van die huwelik bedoel was, word deur die staatskurrikulum gereduseer tot 'n humanisties-morele kwessie met 'n suiwer liggaamlike fokus. Selfs in skole met ’n “Christelike etos” word seksonderrig aangebied en word daar geleer dat onthouding net een manier van geboortebeperking is. Daar word by die Christelike suikerlagie begin deur te sê dat onthouding - voor die huwelik ’n goeie opsie is - maar dan word alternatiewe voorgehou – van geboortebeperkings tot aborsie as ’n uitweg. Die absolute outoriteit van die Skrif ook oor morele sake word verwerp en die opdrag tot selfbeheersing en heiligheid word as oudmodieus afgemaak. Daar word natuurlik ook geleer dat die Bybelse begrip van ’n huwelik tussen een man en een vrou nie te ortodoks verstaan moet word nie. ’n Huwelik kan nou ook ’n verbintenis tussen man en man of vrou en vrou wees - daar is mos meer as een tipe gesin - dit is die nuwe “normaal” wat aan ons kinders voorgehou word.

Hierdie bedreigings laat ons sidder, maar wat ons moet wakker skok, is die feit dat die oorsaak daarvan uit ons eie midde kom.

Dit is omdat ons nie eienaarskap neem vir ons eie kinders se geestelike opvoeding en skoolonderrig nie. God verwag van ons om ons kinders volgens Sy voorskrifte groot te maak. Nadat ons in Deuteronomium 6:5 leer wat ons hoogste prioriteit moet wees "*... jy (moet) die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag*", kry ons die opdrag om dit te oordink en aan ons kinders oor te dra. Hierdie oordrag mag nie bloot aan ander oorgelaat word nie. Ons is verantwoordelik om dit nie net self aan ons kinders oor te dra nie, maar om met hulle daaroor te praat en dit by hulle in te skerp - ten alle tye: "*as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan*" (Deut. 6:7). Ouers het dan ook 'n doopbelofte afgelê om hulle kinders te leer en te laat leer in die Woord van God... Ongelukkig skuif ons maklik die totale verantwoordelikheid vir die geestelike opvoeding van ons kinders oor op ander – soos die kerkkategese of - kommerwekkend - die charismatiese Doxa Deo met hulle "Tree Movement" ("Transforming the Educational Environment") in skole. "Laat leer" is die geriefliker alternatief. Aangesien God die verantwoordelikheid aan ouers gee om hulle kinders vir Homself op te voed "*in die tug en vermaning van die Here*" (Ef. 6:4), het ouers ook die verantwoordelikheid van en reg op hulle kinders se skoolonderrig.

Wat staan ons te doen? Aangesien die meeste Christenouers nie eers bewus is van wat hulle kinders geleer word en waaraan hulle blootgestel word nie, is min ouers besorg oor die skoolsisteem. Die handjie vol wat bereid is om op te staan teen die nie-Christelike sisteem, loop hulle in 'n burokratiese muur vas. Hulle moet daarom noodgedwonge 'n ander heenkome buite die staat se skoolsisteem soek. Die eerste opsie wat Christenouers het, is om geheel en al self verantwoordelikheid vir hul kinders se akademiese onderrig te neem. Watter beter opsie om hulle tuis te onderrig soos in die Voortrekkertyd. Tuisonderrig is ongelukkig weens verskeie redes nie vir alle ouers moontlik nie; die alternatief is dan om seker te maak dat die skool van jou keuse nie bloot 'n oppervlakkige Christelike etos het nie, maar waar Reformatoriese Bybelse beginsels die kern van die kurrikulum uitmaak. In Suid-Afrika, anders as in die VSA, is die keuse van Christenskole baie beperk; die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO) se CVO-skole voldoen die naaste aan hierdie kriterium. Die verantwoordelikheid om opsig te hou oor waaraan hulle kinders blootgestel word en wat hulle leer, lê egter steeds by die ouers.

Die belangrikste gawe wat ons aan ons kinders kan oordra is die kennis van God, wat Hy omtrent Homself aan ons geopenbaar het in die Skrif, wat deur apostels en profete, geïnspireer deur die Heilige Gees, as Sy Woord vir ons gegee is. Dit is ons plig om toe te sien dat daar by ons kinders 'n besef van "coram Deo" ontwikkel – dat hulle hulle lewens leef voor die aangesig van God, onder die outoriteit van God, tot die verheerliking van God. Daarin moet ons hulle nie slegs met die "regte" riglyne grootmaak of na die regte skool stuur nie, maar vir hulle tot voorbeeld wees en hulle konstant in ons gebede aan God opdra.

- JdR (jaco@geloofsbond.org.za)

# BERIGTE EN KENNISGEWINGS

## BEROEP AANGENEEM

Ds. Louis Alberts van Hervormde Gemeente Koster het die beroep na Hervormde Gemeente Pietersburg aangeneem.

## VYF-EN-TWINTIGJARIGE AMPSJUBILEUM

Die kerkraad van die Hervormde Gemeente Vrede wil u graag in kennis stel dat ds. A van Zyl hierdie jaar 25 jaar in bediening is, asook in hierdie gemeente.
Die gemeente wil graag op 13 Oktober 2019 die geleentheid herdenk. Alle verdere reëlings sal later deurgegee word.

## BONDSVERGADERING EN BONDSDAMESBYEENKOMS 2019

DATUM: 8 tot 10 September 2019. (Dames: 8-9 September)
Die Bestuurskomitee het op 12 Julie 2019 vergader om die agenda vir die Bondsvergadering vas te stel. Die agenda sal betyds aan alle gemeentes gestuur word. U word daaraan herinner dat die agenda elektronies beskikbaar gestel word en dat gemeentes self harde kopieë moet produseer indien hulle dit verkies.
Die lys van plaaslike akkommodasie is reeds aan gemeentes gestuur.

## GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

## OORNAG FASILITEITE
### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede -
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 of auri@mweb.co.za.

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**


VLEISRAS
LANDRAS
½ OF HEEL VARK TE KOOP
PRYS: R40 p/kg
DATUM VAN AFLEWERING: Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is
AFLEWERINGSPUNT: Pretoria soos ooreengekom
BETALING: EFT
BEPERKTE VOORRAAD
9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe
tussen 25- en 35kg
7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg
ONDERSTEUN JOU
SAK EN DIE BOER
&
BESTEL DIREK VAN
DIE BOER
HartsWil
Boerdery
Varke word opgesaag
soos versoek!
PLAAS BESTELLING BY
RONéL SELNO. 0827873680